VOORBIDDING:

Wêreld: Indiese Oseaan Eilande: Comore-eilande, Madagaskar, Maldive, Mauritius en Seychelle. Oplossing vir konflikte [Palestyne-Israel]; bekamping van IS-groep se terreur. Gelowiges in Sri Lanka.
RSA & Dorp: Wet en Orde - polisie en beskermingsdienste, veiligheidswagte, misdadigers en slagoffers. Bevryding van korrupsie en onbevoegdheid. Vigs geïnfekteerdes en -geaffekteerdes. Dwelmafhanklikes en -geaffekteerdes. Groter eenheid tussen alle Suid-Afrikaners ongeag taal en ras; die armes, werkloses en gemarginaliseerdes in ons samelewing. 'n Geseënde toekoms vir alle Suid-Afrikaners. Droogtegeteisterde gebiede. Vloedslagoffers in KwaZulu Natal en die Oos-Kaap.
Gemeente & Kerk: Treurendes, siekes, verswaktes, diegene onder behandeling en aan die herstel. Almal betrokke by kategese, jeugdiens en groepe. Christo en Ina Dippenaar: hulle dogter, Christelle en haar man, Gabriel, se dogtertjie Aliyah is baie siek - Krabbe disease. Kom ons dra hulle in ons gebede.
Baie geluk aan die volgende lidmate wat vandag verjaar: Barend Baxter (Buitekring), Natalie Jordaan (China) Marianna Theron (Sultan), Debbie van der Merwe (Florida) en Dorél van der Westhuizen (Brandwacht).

Uitnodiging aan alle breiers

Met die winter wat besig is om sy koue kloue in te slaan, word alle breiers (met wol!) uitgenooi om die breipenne op te neem! Enige grootte kinder- en babatruitjies en mussies is baie welkom. Daar is baie mooi wol en breipatrone beskikbaar in die kerkkantoor. Kom ons laat die penne klik en maak kinderlyfies warm hierdie winter!

GROENgedagte #134 Die **"Earth Charter"** se laaste gedagtes vra vir 'n hartsverandering:
Promote a culture of tolerance, nonviolence, and peace.
Sal ons so teenoor mekaar en die natuur leef dat ons mekaar ruimte gun om waarlik voluit te leef? Dat ons konflik sonder geweld sal oplos en sal strewe na ware vrede? Deur net na mekaar te begin luister en mekaar te leer ken en mekaar te probeer verstaan, sal ons al ver kom. Deur jou fokus op die Here te hou en nie op die mens of dit waarvan jy nie hou in 'n persoon nie, dan triomfeer liefde. As Christene behoort dit vir ons eerste natuur te wees, aangesien ons sê dat God liefde is en ons ook glo en bely: "Die liefde doen die naaste geen kwaad aan nie, daarom is die liefde die volle uitvoering van die wet." Om groen te leef gaan oor soveel meer as net die natuur en herwinning. Dit gaan tog oor 'n alles-insluitende liefde. Die "Earth Charter" sluit so: *Recognize that peace is the wholeness created by right relationships with oneself, other persons, other cultures, other life, earth, and the larger whole of which all are a part.*

Weekblad van Stellenbosch-Welgelegen Gemeente

WELWEEK

Christus is die Here!
Daarom wil ons mekaar in verhoudinge opbou
Om so sy groot opdrag uit te leef.

Sondag 19 Mei 2019

Vyfde Sondag van Paastyd

Tema	Ragel en Maria: Tussen trauma en genade.
Teks	Matteus 2: 13 - 18
Prediker	Julie Claassens
08:45	Gebedsgeleentheid (komiteekamer)
09:30	Erediens
09:30	Kleuterkerk en Junior Kategese
10:30	Tee en koffie by ons Koinonia Kafee (leeskamer)
18:00	Jeugdiens: God se revolusie - Rohan
18:00	Nagmaal by Bonheur

Jaartema: Dissipels groei saam nader aan Christus deur die Gees.



The Canticle of Mary (Magnificat).
Meer inligting oor hierdie illustrasie by:
https://www.jennortonartstudio.com/canticle-mary-magnificat/

Meimaand is Dankbaarheidsmaand.

Die dienswerkers is besig om die dankbaarheidsmaandkoeverte te versprei. Daar is ook koeverte by die deure beskikbaar. Om bankkoste te bespaar, moedig ons gemeentelede aan om sover moontlik bydraes elektronies in ons bankrekening in te betaal. Bewyse van betaling kan ook in die koevert gesit word en op ons Dankdiens op Sondag 26 Mei na die kerk gebring word. Baie dankie vir almal se bydraes!

Boerewors te koop

Lekkerste boerewors nou te koop by ons Marktafel op Woensdae tussen 09:00 en 12:00 teen R46 per 500g!

ONS KANTOORURE:
Ma: 09:00 - 13:00 & Di - Vr: 08:00 - 13:00

Is jy nuut by ons? Kom gerus ná die diens na voor waar 'n lid van die Bediening vir Nuwe Lidmate jou sal ontmoet. Kom geniet 'n lekker koppie tee of koffie by ons Koinonia Kafee in die leeskamer.

PROGRAM VIR VOLGENDE WEEK: Maandag 20/5 tot Sondag 26/5

Ma 20/5		**Laaste dag om te laat weet hoeveel in jou huishouding die Dankbaarheidsete van Sondag 26 Mei gaan bywoon.**
Di 21/5	10:00 **18:30**	Bybelstudie by Bonheur **Kerkraadsvergadering in die konsistorie.**
Wo 22/5	09:00 & 19:00 09:00 - 12:00	Geloofsgroei byeenkomste in die konsistorie. Almal is welkom! Marktafel en Kuiertafels in die vierkant. Almal is welkom!
Do 23/5	09:00 - 12:00	**Naaldwerkbediening**. Kontak Anette Cronje by 021 886 5115 as jy wil kom saam werk aan al die projekte wat hulle aanpak.
So 26/5	**09:30** 09:30 10:30 10:30 **11:00 - 13:00** 18:00 19:00	**Erediens en Dankdiens:** Elzanne van der Westhuizen **Kleuterkerk en junior kategese** Tee en koffie en saamkuier by ons Koinonia Kafee Kerkbiblioteek in die vierkant **Dankbaarheidsete by die kerksentrum** **Jeugdiens**: God se goeie belegging (Leon) **Aandbyeenkoms**: Paneelgesprek oor afgelope Wes-Kaap Sinodesitting (gelei deur Louis Jonker)

Die deuroffer vandag gaan aan die Sinodale Gemeente-ontwikkeling / Nuwegeloofsgemeenskapontwikkeling (NGGO): Die Raad vir Gemeente-ontwikkeling en Kerklike Samewerking is ’n gesamentlike werksaamheid van die NGK en VGK wat fokus op kerkplanting as belangrike wyse van evangelisasie in nuwe stadsgebiede maar ook in gebiede waar plaaslike geloofsgemeenskappe nie die kapasiteit het om hierdie uitdaging alleen te hanteer nie. Dit wil die missionêre uitdagings wat ’n nuwe Suid-Afrika aan ons stel op konkrete wyse hanteer deur nuut te dink oor die kerk, wat die klassieke Evangelie op ’n vars manier kan laat leef, ook in die mees armoedige konteks.

Die deuroffer verlede week aan Gemeentebegeleiding was R2041-50. Baie dankie!

Volgende week se deuroffer gaan aan die Teologiese Kweekskool.

Geen B-Aksie Insameling vir Meimaand

Aangesien Meimaand Dankbaarheidsmaand is, samel ons gemeente nie hierdie maand items in vir die B-Aksie nie.

Die deurkollektes fokus op sinodale gemeente-ontwikkeling: Gemeentehulpfonds, Gemeentebegeleiding, Gemeente-ontwikkeling en die Teologiese Kweekskool.

Herwinning

Papier vir Huis Horison moet asb in die houtkas met die opligdeksel (in die vierkant, links van die hek) geplaas word. Skoon glasflessies vir konfyt is altyd welkom.

Betaal met SNAPSCAN
(onthou om ’n verwysing in te tik.)

Bankbesonderhede
Stellenbosch-Welgelegen NG Kerk (Nedbank)
Takno: 149 821 Rekno: 149 8046 320

NG Gemeente Stellenbosch-Welgelegen
Telefoon: 021 886 5975
E-pos: skriba@stelwel.co.za

Geloofsgroeibyeenkomste

Woensdag is daar weer twee geloofsgroei byeenkomste om 09:00 en 19:00 in die konsistorie. Monty Sahd is die aanbieder en beplan om ‘n kort Bybelstudiereeks te doen uit Efesiërs. Daar is nog net drie Geloofsgroei geleenthede oor vir hierdie kwartaal en wel op 22 Mei, 29 Mei en 12 Junie. Almal is welkom!

KOINONIA

In hierdie kwartaal van Pase, Hemelvaart en Pinkster kyk ons in ons weeklikse Koinonia-gedagte na die verhaal van die Emmausgangers soos ons dit kan lees in Lukas 24: 13-35. Koinonia is nie iets wat ons juis kan beplan nie – dit is iets wat gebeur as ons gehoorsaam is aan die Here. Ons is dikwels so ingestel op uitkomste en resultate. Ons beplanning en doelwitte moet meetbare uitkomste hê, anders misluk ons. Die ironie in die Emmaus-verhaal is dat die twee reisigers glad nie in beheer was van die gebeure nie. Hulle was selfs nie eens regtig gereed daarvoor nie, maar Jesus maak hulle oë oop. Vra die Here om jou oë ook oop te maak om Hom raak te sien en mense raak te sien na wie toe Hy jou stuur.

Ons beheer nie ons reis saam met Jesus nie. Ons volg waar Hy ons lei.

Sopkokers vir Pinkster gesoek

Die Hemelvaartdiens vind plaas op 30 Mei en ons Pinksterdienste is vanjaar van 3 tot 6 Junie. Soos in die verlede sal ons graag weer sop en broodjies ná die aandbyeenkomste wil bedien sodat ons nog ‘n bietjie na die tyd gesellig kan saam kuier. Indien jy bereid is om ’n pot sop of ’n bord broodjies te skenk, laat weet asseblief die kerkkantoor (021 886 5975 / skriba@stelwel.co.za).

Kom kuier saam by ons Dankbaarheidsete!

Ons hou ons Dankdiens op Sondag 26 Mei 2019. Daarna gaan ons die vure aansteek en ons dankbaarheid vier om die vure en die etenstafel. Skakel die kerkkantoor by 021 886 5975 en laat weet asb teen 20 Mei of jy die ete kan bywoon. **Die ete is gratis!** Bring net jou eie drinkgoed en glase saam. Skryf vandag jou naam op die lys beskikbaar by ons Koinonia Kafee.